# Tjokkie WEEKBLAD

10 November 2023 Uitgawe: 5/4/2023

## UIT DIE KANTOOR

Nog 'n suksesvolle week is agter die rug. Die Gr. 7-leerders het heerlik vir oulaas saam getoer waarmee hulle dan ook hul laerskoolloopbaan afgesluit het. Volgende jaar spat hulle uitmekaar waar hul in verskillende hoërskole hul onderrig sal voortsit.

Baie geluk aan Tjokkies Pre-primêr met weereens 'n puik konsert wat die afgelope week aangebied is. Die onderwysers, ouers en grootouers het dit baie geniet. Die konsert was soos gewoonlik 'n hoogtepunt op ons kalender.

Alle buitemuurse sport stop vandag amptelik vir die jaar met slegs die rugby- en netbalproewe wat volgende week plaasvind. Leerders is reeds ingelig van tye en datums.

Donderdag sluit ons die jaar af met die GSF se entrepreneursdag gevolg deur 'n heerlik pretgala. Hierdie gala is slegs vir die lekkerte en geen amptelike items sal plaasvind en tye sal geneem word nie. Sien asb. D6 vir die inligtingsbrief rakende die gala.

**EKSAMENTYE:**

Ouers moet asb. kennis neem dat die eksamen op Vrydag, 17 November begin en die skooltye dan vir die duur van die eksamen soos volg sal wees:

**Begin:** **7:30**
**Eksamen:** **9:00 – 11:00**
**Verdaag:** **12:00**

Neem asb. kennis dat **geen** leerder voor 12:00 afgehaal kan word nie. Dit veroorsaak ongelooflike ontwrigting in die kantoor as daar gereeld afkondigings gedoen moet word. Ek vertrou dat u my versoek sal respekteer.

**BEGROTINGSVERGADERING:**

**Graag herinner ek weer alle ouers aan die begrotingsvergadering wat sal plaasvind op Maandag, 13 November om 17:00 in die ouditorium. Dit is om beide die Kleuterskool en Primêre Skool se begrotings vir 2024 voor te lê en te aanvaar. Indien u die begroting goedkeur, moet dit voor einde November by die Departement van Onderwys ingehandig word vir evaluasie voordat ons 2024 suksesvol kan afskop.**

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 10 Nov.: | o/13A Krieket (inhaalwedstryd) |
| 12 Nov.: | Senior Kooroptrede by Wilgehof NG Kerk |
| 13 Nov.: | Rugby-/Netbalproewe |
| | Tennis o/11A vs Grey (inhaalwedstryd) |
| | Begrotingsvergadering met ouers |
| 14 Nov.: | Rugby-/Netbalproewe |
| | Musiekdepartement - Musiekaand |
| 15 Nov.: | Rugby-/Netbalproewe |
| | Musiekdepartement – *"Woord en Akkoordaand"* |
| 16 Nov.: | GSF Entrepreneursdag |
| | Tjokkies Pretgala |
| 17 Nov.: | Eksamen begin vir Gr. 7 |
| | o/13 Krieketproewe (2024) |

# ANDER

## Handboeke:

Handboeke word opgeneem die dag wat die leerders daardie betrokke dag se vak skryf. Soos in die handboekbeleid vervat is, moet alle beskadigde en/of verlore handboeke deur die kind/ouer vervang word.

**Let wel:** Dit is vir die rekening van u as ouer. Indien daar enige uitstaande handboeke is, sal 'n leerder se rapport ongelukkig teruggehou word totdat die rekening vereffen is of daar vroegtydig 'n reëling met die skool getref word.

## Veiligheid:

Dit het weer onder ons aandag gekom dat daar rondlopers met lang vingers is wat veral in die middae tydens sportaktiwiteite om die skool rondbeweeg en voertuie, wat nie gesluit is nie, teiken. Wees asb. versigtig wanneer u vinnig by die skool inglip om u kind te gaan haal. Sluit asb. u voertuig. Die skool se twee sekuriteitswagte kan nie hul poste verlaat om die hele straat te patroleer nie.

## FINANSIES

‘n Vriendelike herinnering dat skoolfonds en nasorg gehef word vanaf Februaie – Desember. Alle skoolfonds en nasorggelde vir 2023 moet voor 7 Desember 2023 betaal wees. Debietorders vir Desember gaan steeds af op die gekose datums.

## KAALVOETKAFEE

**Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):**
**082 612 7756**
**E-posadres: kaalvoetkafee@tjokkies.co.za**

## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR



# SNUFFELS




Stewige, swart seil boeksakkies met verskillende kleure omboorsel vir beskerming van boeke (Verpligtend vir Gr. 4, benodig 7) @ R65 elk of stel van 7 vir R420.
Bestel vroegtydig vir 2024 - betaling met bestelling asb!!

***Whatsapp*** Blanche by 0725052247 vir enige navrae en bestellings.